Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 5 MAART 2010

Die lewe is 'n maalsteen. Of dit jou maal of poleer, hang af van die materiaal waarvan jy gemaak is.

Kan nie glo ons is al in die derde maand van 2010 nie. Sterkte met alles wat nog moet gebeur voor die skool op 26 Maart sluit.

BELANGRIKE KENNISGEWING

Slegs voertuie, wat aflewerings doen sal vanaf die ingang in Lavenderstraat in die skoolterrein toegelaat word. Ander besoekers moet asseblief in die straat parkeer en deur die klein hekkie beweeg.

RUGBY 0/11 EN 0/13 AANDLIGA

Waar: P/S Willem Postma.
Wanneer en wie: 0/13 op 10 Maart
en 0/11 op 11 Maart. Tye sal nog aan u deurgegee word.
Toegang: R5,00 per speler en volwassenes.

SPORTTOER : 2010

Op 22 Maart vertrek 58 spelers (0/11 en 0/13 rugbyspanne asook die 0/12 en 0/13 netbalspanne) op 'n sporttoer na Port Elizabeth. Elke span gaan drie wedstryde speel. Die toergroep reis met 'n Big Sky bus asook die skoolkombi.
Hulle keer weer op 25 Maart 2010 terug. Baie dankie aan die volgende personeel wat hulle gaan vergesel: mnre. P. van Vuuren, F. Pretorius, D. Bruwer en mevv. A. v/d Merwe, A. Smith, S. Botha, Z. van Vuuren en juf. A. de Villiers.

TWEEKAMP

Baie geluk aan Frans Marx en Rika Marx wat gekies is om die Vrystaatspan vanaf 2 tot 3 April by die S.A. Kampioenskappe te verteenwoordig. Sterkte aan die twee atlete met julle voorbereiding.
Dankie aan mnr. Cassie du Plessis wat as spanbestuurder vir die Vrystaatspan gaan optree.

GRAAD 6C PROJEKTE

Dankie aan al die Graad 6C ouers en ons leerders wat so hard gewerk het aan ons projekte. Die Graad 6C -klas het reeds ongeveer R5000 ingesamel.
Die juwele projek, Hannah Montanna en Ben 10 verkope sal eers gestop word tot verdere kennisgewing.
Daar is nog 'n paar J.F.-plakkers @ R6,00 ,wat ons kinders laat veilig voel, beskikbaar. Hierdie wind en weerbestaande plakkers moet op u motor se ruit aan die buitekant geplak word. Wanneer ons leerders hierdie plakker sien, sal dit vir hulle gemoedsrus gee en laat veilig voel.
Moenie net aan u eie kind dink nie, dink ook aan al die ander kinders wat op die terrein beweeg.
Baie dankie vir almal se samewerking in hierdie verband. Dit word waardeer.
Carina Loots. 0822009348.

KRIEKET

Sterkte aan die volgende 0/11 spelers met die proewe op 8, 9 en 12 Maart by St. Andrews: Henco Venter, AD Pretorius en Hanro Taylor.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

Sterkte ook aan die volgende O/13 spelers, James Taylor en Francois de Villiers met hulle proewe op 16, 17 en 19 Maart, ook by St. Andrews.

FINANSIES

Rekeninge is verlede week uitgestuur. Kontroleer asseblief u rekening, kontak die kantoor indien nodig. Daar is heel party rekeninge waarop Januarie 2010 se skoolfonds nog nie betaal is nie.

Ongeag of u aansoek gedoen het om kwytskelding (beurs), is Januarie se skoolfonds steeds deur u betaalbaar. Ons doen 'n ernstige beroep op u om nie die rekening te laat ophoop nie, aangesien dit werklik baie moeilik vir u gaan raak om dit dan op datum te kry. Veral die Graad 7-ouers moet seker maak dat die rekening teen die einde November ten volle vereffen is aangesien u nie met 'n uitstaande balans van ons wil afskeid neem nie.

- Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet is die betaling van skoolfonds **verpligtend**. Verder bepaal die wet dat die hele jaar se skoolfonds vooruit betaalbaar is. Die skool word toegelaat om aan u 'n vergunning toe te staan dat skoolfonds oor 11 maande betaal mag word. Dit bly egter **vooruitbetaalbaar per maand**. Artikel 40 van die Wet maak daarvoor voorsiening dat die betaling van skoolgelde deur 'n regsproses **afdwingbaar** is.

- Verder, indien 'n ouer wat 'n afbetalingsooreenkoms met die skool aangegaan het, een maand in gebreke sou bly om die afbetaling op die Skoolfonds n ate kom, is die volle jaar se uitstaande bedrag **onmiddellik betaalbaar**. Indien die ouer dan in gebreke sou bly om die volle skoolgeld te vereffen, sal die rekening, vir die hele jaar se skoolfonds, oorhandig word vir invordering.

- Persone wat om kwytskelding aansoek gedoen het, is verantwoordelik om Januarie se skoolfonds ten volle te betaal.

Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

Weekbrief

ASB toetse
As gevolg van die ASB toetse wat by die Gr. 1-leerders afgeneem word aanstaande week, sal daar geen RO en Didaktiese Hulp wees nie. Die Ondersteuningspan is verantwoordelik vir die afneem van hierdie toetse en sal dus nie vir terapie beskikbaar wees nie.
RO en Didaktiese hulp sal weer vanaf die 15 Maart 2010 'n aanvang neem.



BABBELBEKKIES
KREATIEWE
VAKANSIESORG

Ek bied vakansiesorg aan

die komende vakansie

by my huis te Salie straat 3,

Gardeniapark, Bloemfontein

vir

Graad 1 tot 3 leerders.

Koste – **R 50-00** per dag.

bring eie kos en drink goed

Maandag tot Vrydag 07:00 tot 17:30

29-3-2010 **tot** 9-4-2010 **(vakansiedae uitgesluit)**

Kontak Nelie Muller, 0837078140 vir besprekings voor 17-3-2010

Baie dankie vir almal wat gereageer het op die Bybelprojek. Die Bybels sal voor die einde van die kwartaal oorhandig word.
Diegene wat nog belangstel moet die voltooide vorms voor of op Donderdag 11 Maart by die registeronderwysers inhandig.

Vriendelike groete.
Ma's wat Omgee

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms